**UNIE-BAKKERYE**

—Bakkers en Banketbakkers—

BROOD, KOEK EN PASTEITJIES vir alle geleenthede

★

Spesialiseer in TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE

Fabrieke te Potch. en Klerksdorp

die Wapad

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan

**EDDIE de BEER**

DIAMANTSLYPER

vir u

VERLOOFRINGE

teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak

BEL: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
OF
E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII | WOENSDAG, 14 MAART 1962 | Nr. 2

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# INLYWINGSAKSIE WEEREENS SUKSESVOL

SOOS IN DIE VERLEDE WAS DIE INLYWINGSAKSIES AAN DIE P.U. VIR C.H.O. VANJAAR WEER 'N BAIE GROOT SUKSES. HIER WORD SLEGS VAN DIE ALLERBESTE METODES VAN INLYWING GEBRUIK GEMAAK EN HIERVOOR WIL ONS DIE PERSONE WAT VERANTWOORDELIK WAS VIR OPSTEL VAN DIE INLYWINGSPROGRAM VAN HARTE GELUKWENS.

Op Donderdag 15 Februarie was die meeste Seniors reeds hier en die aand om 7.00 nm. is die indrukke van die Eerstejaars aan die Seniors gegee. Hierna was daar 'n ligte uitkenningsparade en om 8.30 was alle eerstejaars reeds aan die studeer in die koshuise.

### SAGGIES WEK

Soos die gebruik van alle jare, was die eerstejaars die volgende oggend om 6.00 besig met liggaamsoefeninge, wat elke oggend gedurende die inlywingstydperk gedoen is. Sodra hulle van hierdie aksie af terugkom, moes hulle die Ouhere saggies kom wek en hulle daaraan herinner dat die ete om 7.25 vm. is. Ook moes daar verneem word of die Seniors 'n aangename nagrus gehad het, ten spyte van hulle (eerstejaars) se teenwoordigheid.

Om 7.30 die aand was die amptelike opening van die Universiteit en alle toesprake moes in Engels afgeneem word.

●Vanjaar is daar vir die eerste keer die aksie "studie" ingestel wat elke aand vanaf 8.30 tot 10.00 was.

Op Saterdag was alles weer in beroering toe die eerste jaars die seniors se fietse moes was. Om 2.00 was daar studentesang in die Studentesaal en om 3.30 was die Koshuise heeltemal „lewendig" want nou moes daar ingepak word vir die treinreis — die trein wat nooit sou opdaag nie en wat ook nie opgedaag het nie. Die aand was daar vir die eerste keer die jaar 'n gemengde uitkenningsparade. Soos gewoonlik het die Ouhere dit baie geniet. Na die uitkenningsparade in die Studentesaal, moes daar weer hard studeer word tot om 10.00 nm.

Maandag het alle klasse begin en baie van die eerstejaars het toe regtig maar nog baie verdwaal gelyk. Die aand het ons weer ons uitkenningsparades gehad. Hierna was die eerstejaars weer aan die woord met hulle konsert wat soos gewoonlik 'n suksesvolle mislukking was.

Dinsdag was 'n dag waarna alle Pukke uitgesien het want daar was mos weer 'n vrugtefees. Alles het baie goed afgeloop en die weer het ook mooi saamgespeel.

### TARENTAAL

Op Woensdag was daar niks besonders aan die gang nie maar die aan was daar groot vreugde onder die Pukke toe daar aangekondig word dat die eerstejaars tot Donderdagaand op Tarentaal sal wees.

Donderdagaand is die eerstejaars terug verwelkom. Hierna is daar met lus gesing en om 8.30 was daar weer 'n lekker uitkenningsparade.

Vrydag was eintlik die dag van alle dae. Gedurende die dag het die eerstejaars voortgegaan met hulle gewone pligte. Die aand was daar weer die ou Rooiduiwel wat heeltemal gewysig is. Die Rooiduiwel is so gewysig dat as van die oud-studente dit moes gesien het, hulle beslis sou gewens het dat hulle elke dag gedurende hulle inlywingstydperk 'n Rooiduiwel kon gehad het. Hierna is daar met die eerstejaars na die Pomp gegaan wat ook heeltemal gewysig is.

Saterdag het die eerstejaars vir die laaste maal liggaamsoefeninge gehad en hierna die gewone opwekkingsdienspligte. Vir die eerste keer is die eerstejaars Saterdagaand toegelaat om te sleep na die ontheffingsdinee.

●As inlywing kan voortgaan op die manier, en in die gees waarop dit vanjaar gesied het, sal daar nog baie goed daaruit kan voortvloei.

## EERSTEJAARS LOOP DEUR



*Uitkenningsparades het vanjaar soos voorheen groot byval gevind by die ouhere. Op die foto hierbo moet 'n eerstejaar dit ontgeld as Stefan Heydenreich daarop aandring om uitgeken te word.*

Foto: Fotokuns

# Studentekenner Ons Nuwe Stadsraadslid

DIE NUWE STADSRAADSLID vir die wyk waaronder die Universiteit resorteer, dr. M. A. Heyns, is 'n man wat in sy studentejare 'n aktiewe deelname gehad het aan studenteaktiwiteite, veral op interuniversitêre gebied.

Dr. Heyns het aan drie verskillende universiteite sy akademiese opleiding ontvang, te wete U.O.V.S. (1931 - 1935), Pretoria (1936) en Wits (1943 - 1948). Gedurende hierdie tydperke het hy hom beywer vir die saak van die Afrikanerstudent. Hy was een van die stigterslede van die destydse A.N.S. (Afrikaanse Nasionale Studentebond), die voorloper van die huidige A.S.B..



*Dr. M. A. Heyns*

### BEKORING

Die stigting van hierdie organisasie het in 1933 plaasgevind by die alombekende Potchefstroom-dam. Dit was dr. Heyns se eerste kennismaking met Potchefstroom—'n indruk wat so blywend was dat hy hom mettertyd hier kom vestig het as geneesheer. Die bekoring wat ons dorp daardie tyd vir die jong student ingehou het, het omgeslaan in 'n diepe liefde wat hom daartoe dring om sy dienste aan die openbare lewe van Potchefstroom te wy.

Ons nuwe stadsraadslid is iemand wat die student ken omdat hy self student in die volste sin van die woord was. As daar dus iemand is wat die belange van ons studentegemeenskap op die plaaslike bestuursraad kan behartig, is dit dr. Heyns. Van die kant van DIE WAPAD wil ons dr. Heyns van harte gelukwens met sy verkiesing en hom verseker van die steun van ons hele studentegemeenskap.

# Nuwe Stadsraad Verkies

Verlede Woensdag het die kiesers van Potchefstroom weer na die stembus gegaan om 'n stadsraad te kies vir 'n nuwe termyn van vier jaar. Twee hoof groepe het die stryd teen mekaar aangeknoop, nl. die Aksiekomitee en die Belastingbetalersvereniging.

Die Aksiekomitee het hier die oorwinning behaal en sewe kandidate is tot die Stadsraad verkies. Aan die anderkant kon die Belastingbetalersvereniging slegs een verteenwoordiger tot die Stadsraad verkies kry, nl. die oud-burgemeester, mnr. Harry Holtzhausen. Van die ou Stadsraad is slegs drie lede herkies, nl. mnre. Holtzhausen, Tait en Theron. Onder die nuwe stadsraadslede is twee van die Puk se profesore, proff. D. J. van Rooy en H. L. Swanepoel.

# Apartheidsgees op Rhodes?

Nie-blanke afgevaardigdes na die kongres van die National Union of South African Students (NUSAS) in Grahamstad gedurende Julie, sal nie toegelaat word om in die universiteitskoshuise tuis te gaan nie, aldus **Die Transvaler.**

Nusas is geskok oor hierdie besluit en probeer nou om dit herroep te kry in samewerking met die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad.

### VEELRASSIG

Mnr. Adrian Leftwich, president van Nusas, het gesê dat Nusas 'n veelrassige organisasie is wat in al sy bedrywighede teen rasse-skeiding gekant is, en daarom hoop hulle dat huisvesting op 'n gelyke grondslag by die kongres van 12 tot 21 Julie gedurende Rhodes se vakansie gereël sal kan word.

●Indien die universiteit nie sy besluit kan verander nie sal dit sake vir Nusas uiters moeilik maak.

Die president van Rhodes se Studenteraad het gesê dat hulle nie die vergaderplek van die kongres sal verander nie, maar dat hulle sal poog om ander akkommodasie vir die studente te kry.

### TRADISIE

Rhodes-universiteit se rede vir hul besluit is dat hulle nie graag van die tradisie wil afsien nie. Nie-blankes is nog nooit in Rhodes se koshuise toegelaat nie en daar word gevoel dat dit besware sal uitlok van studente in wie se kamers die nie-blankes gehuisves sal word, aldus Die Transvaler.

## EREGRAAD VIR PRESIDENT

Die universiteit van Rhodes het verlede week aangekondig dat hulle 'n ere doktersgraad in die regte aan die staatspresident, mnr. C.R. Swart, gaan toeken op hulle gradeplegtigheid vanjaar.

*AANKONDIGING!*

VIR DIE EERSTE KEER
SEDERT ONS BESTAAN,
BEVEEL ONS . . .
*KWALITEIT* BY U AAN.

*Vir u FOTOS, besoek:*

***FOTOKUNS***

Tomstraat 82 — Foon 3185

SENTRUM VIR:

**Fotografie, Grammofoonplante, Kunsvlyt**

# Puik Uitvoering Deur Bekende Kwartet

DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET het op Saterdagaand 3 Maart 'n puik uitvoering in die Konservatoriumsaal gelewer. Hierdie konsert was die eerste van 'n reeks konserte deur prominente kunstenaars wat die Musiekraad, aangewys deur die P.U.-raad, beoog om vanjaar aan te bied.

Die kwartet bestaan uit J. de Wet (eerste viool), N. Travers (tweede viool), F. Bourguenon (altviool) en H. Cremers (tjello). Die kwartet het sedert sy ontstaan sowat anderhalfjaar gelede heelwat gewildheid in Suid-Afrikaanse musiekkringe verwerf.

Die program wat aangebied is, was saamgestel uit werke van Haydn, Beethoven en 'n Suid-Afrikaans komponis, Arthur Wegelin, wat verbonde is aan die P.U.-Konservatorium.

Die uitvoering was deurgaans gekenmerk deur besondere aanvoeling en fyn beheersde spel. Die Beethoven strykkwrtet is met besondere fyn aanvoeling vertolk. Die Adagio-gedeelte van hierdie komposisie is een van die mees gewilde adagios van dié komponis. Beethoven het self hierdie beweging wat die karakter van 'n treursang dra, beskryf met die treffende opskrif: „'n Treurwilg op die graf van my broer."

Die strykkwartet van Arthur Wegelin is een van die weinige strykkwartette wat al in Suid-Afrika gekomponeer is. Die kwartet het hierdie komposisie, wat baie hoë tegniese vaardigheid sowel as aanvoeling vereis, uitmuntend vertolk. Die tweede, liriese deel, wat baie byval geniet het, herinner sterk aan die komponis se Sonatine vir klavier wat alreeds, net soos hierdie strykkwartet, oor Radio Suid-Afrika uitgevoer is.

Die Pizzicato gedeelte in die laaste beweging het 'n sterk Spaanse effek in die werk ingebring en dit was een van die interressante effekte wat die laaste gedeelte van die komposisie kenmerk.

● Die musiekraad bied nog die volgende konserte in die loop van 1962 aan: 14 April — Vincent Fritelli (violis) en Rodriques Lopez (klavier); die Stuttgartse Kamerorkes op 22 Junie en 'n klavier uitvoering deur Lionel Bowman teen 26 September.



H. B. van der Walt, leier van die volkspelelaer.

Foto: Fotokuns

# Volkspelelaer Druk Besig

HOEWEL die nuwe akademiese jaar nog maar nouliks drie weke aan die gang is, is die P.U.-volkspelelaer reeds druk besig.

Verlede Woensdagaand is die eerste volkspeleaand van die jaar gehou en dit was 'n reuse sukses. Eerskomende Saterdag word die Tweedejaarspieknick afgesluit met 'n volkspeleaand in die studentesaal, gereël deur die volkspele-bestuur. 'n Groot aantal aande word verder beplan deur die loop van die jaar.

Gisteraand is ook die jaarlikse keuring gehou vir die kies van 'n demonstrasiegroep. Indien die nodige fondse beskikbaar is, sal hierdie groep deelneem aan die A.S.B. kunsfees, wat tydens die Julievakansie in Stellenbosch gehou word. Met ons ter perse gaan was die name van die gekose demonstrasie groep ongelukkig nog nie bekend nie.

Die derde Maart het vier pare die P.U. verteenwoordig op die fees ter viering van die een-en-twintigjarige bestaan van volkspele in Suid-Afrika. Gedurende die byeenkoms op Bloemfontein, was nagenoeg 20,000 volkspelers, van oor die hele land, saamgetrek.



Die Vrystaatse strykkwartet afgeneem saam met mnr. A. W. Wegelin van wie hulle 'n komposisie uitgevoer het. In die gewone volgorde verskyn: H. Cremers (tjello), F. Bourguenon (altviool), mnr. A. W. Wegelin, N. Travers (tweede viool) en Jack de Wet (eerste viool).

Foto: Fotokuns

# AANTREKLIKE PRYSE VIR REDENAARS

OP SATERDAG, 24 Maart sal die Wolnit-redenaarskompetisie in die Totius-Gedenksaal plaasvind. Die name van die persone wat aan die kompetisie sal deelneem is nog nie bekend gemaak nie, maar dit beloof heel interessant te wees.

Daar word ook heel aantreklike pryse aangebied. Die wenner sal 'n replika van die beker wat in die Biblioteek staan ontvang. Ook is daar geldpryse vir die redenaars wat net ongelukkig is om nie eerste te kom nie.

**INTERUNIVERSITêR**

● Daar word intussen planne beraam vir 'n interuniversitêre debat tussen alle Suid-Afrikaanse Universiteite.

In die verlede was die debat tussen die P.U vir C.H.O. en die Universiteit van Natal, maar nou is daar heeltemal nuwe verwikkelinge. Elke Suid-Afrikaanse Universiteit sal 'n spreker stuur om aan die debat deel te neem. Dit beteken dat daar nou sowel Afrikaanse- as Engelse Universiteite aan sal deelneem en elke spreker sal die betrokke debatspunt in sy eie voertaal verdedig.

Daar word in die vooruitsig gestel dat die debat in Augustus in die Totius-gedenksaal gehou sal word maar vedere reëlings sal nog getref word. Daar sal ook nog oor besluit word wie die standpunt van die P.U. sal verdedig.

Wat besonder goed is, is die idee dat daar 'n beker geskenk sal word aan die Universiteit wat die beste spreker stuur. Ook sal daar nog besluit word wie hierdie beker sal skenk.

Die beoordelaars sal ook sowel Engels as Afrikaanssprekend wees.

Ons hoop dat hierdie nuwe instelling baie goeie vrugte sal afwerp en dat daar nou hierdeur nog 'n nouer samewerking tussen die Afrikaans- en Engelssprekende Universiteite sal kom.

# Hoofredakteur

Die Studenteraad van die P.U. het mnr. Idyll van der Walt Dinsdagaand aangestel as hoofredakteur van die Wapad in die plek van mnr. Dewald Roode wat genoodsaak was om te bedank weens drukke wreksaamhede.

# „Volwaardige Studente"

„DIE EERSTEJAARS van 1962 betree vanaand 'n nuwe terrein van hulle lewe, as volwaardige studente van die P.U.." het eerstejaar Danie Smit op die ontheffingsdinee gesê. Hy het gepraat namens die eerstejaars en het die ouhere dan ook bedank vir wat hulle vir die eerstejaars gedoen het.

'n Romantiese atmosfeer is geskep deur die voorstelling van 'n verlate strand waar meerminne en bakvissies sorgloos rondswem. Heildronke is ingestel deur mnrr. Johan van der Vyver en S. du Toit, terwyl mnr. Hans van Zyl telkns die lagspiere geprikkel het met sy vertellinge.

Die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Koos du Plooy, het na 'n interessante vertelling oor sy afgelope toer oorsee, die gesellligheids komitee onder leiding van mnr. Andries Coetzer gelukgewens met die aand en hulle namens die massa bedank.

**Die foto hiernaas bied 'n beeld van hoe die eerstejaarsdames daar uitgesien het tydens die inlywing. Die merkwaardige gedaanteverwisseling wat gevolg het op die bekendstelling dat alle eerstejaars vanaf Saterdag 24 Februarie as volwaardige studente hul plek aan die P.U. vir C.H.O. sal volstaan, is duidelik sigbaar.**

**Dit dien vermeld te word dat die foto geneem is in een van die dameskoshuise — die dore het darem nie buite so gekleed gegaan nie.**



Foto: Fotokuns

U het volop keuse in **ONS** groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

**KERKSTRAAT 91—95** **TELEFOON 1164 & 497**

**BORCHERDSTRAAT** **TELEFOON 3431**

**POTCHEFSTROOM**

VRIENDELIKE DIENS en MEUBELS VAN GEHALTE

**Transvalia Meubels**

Foon 2157 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 180

Besoek ons vir . . .

*VRIENDELIKE DIENS en MEUBELS VAN GEHALTE*

Ons meubels word erfstukke

# VIERDE KANSELIER

VRYDAG, 16 FEBRUARIE, sal nog lank onthou word in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O., want op hierdie dag het Sy Edele Minister J. de Klerk, Minister van Binnelandse sake en Onderwys, Kuns en Wetenskap sy inougurele rede as die vierdie Kanselier van hierdie Universiteit gelewer.

Senator Jan de Klerk het in sy rede verklaar dat ons vandag Godvresende persone nodig het met vaardigheid, rype kennis, wysheid en nugtere visie om op Wetenskaplike en geestelike gebied ons plek in Afrika en in die Westerse wêreld te handhaaf en te beveilig. Hy het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika sowel na binne as na buite 'n besondere taak het. Na buite is ons taak om, soos in die verlede, vas te staan.

**BRON VAN WYSHEID**

Voorts het Senator De Klerk gesê dat dit ons absoluut niks sou baat om kennis en etiese beginsels te hê as ons nie met behulp daarvan wysheid kan verkry nie. Hy het dit op 'n treffende wyse gestel dat wysheid absoluut onmoontlik is sonder die lig en leiding van ons drie-enige God. In die lewe moet ons nooit skaam wees om ons na die Bron van wysheid te wend nie.

Die kanselier het tot die gevolgtrekking gekom dat ons onderwysstelsel nie aan die hoë eise voldoen wat daar gestel word nie en wel om die volgende twee redes. Ons onderwys is provinsiaal van aard en dit is prinsipieel onvoldoende. Die Die onderwys moet as nasionale aangeleentheid, 'n nasionale karakter dra om so 'n eenheid te skep. Die onderwys moet ook nie net eties gefundeer wees nie maar wel godsdienstig en selfs Christelik.

Minister De Klerk het nou hoof geword van 'n inrigting wat uit die Teologiese skool van die Gereformeerde Kerk gebore is.

Hy is die opvolger van prof. J. D. du Toit, J. C. van Rooy en dr. F. du Toit.

Hiermee dan ook ons hartlike gelukwensing aan Minister De Klerk.



*Op die foto hierbo, wat geneem is voor die installering van die kanselier, verskyn in die gewone volgorde: Die rektor, prof. J. Chr. Coetzee, die kanselier, min. Jan de Klerk en die vise-voorsitter van die senaat, prof. H. J. J. Bingle.*

Foto: Fotokuns



*Mnr. A. C. Hoffman*

# STADSRAADS LID

Tydens die pas afgelope munisipale verkiesings is mnr. A. C. Hoffman verkies tot stadsraadslid in Wyk 1. 'n Deel van die inwoners van Dawie du Plessishuis resorteer onder hierdie wyk.

Mnr. Hoffman is reeds 17 jaar lank 'n inwoner van Potchefstroom en dien tans as direkteur van verskeie maatskappye in Potchefstroom Daarby behartig hy ook sy eie boerdery.

Gedurende die afgelope jare het mnr. Hoffman hom onderskei in die openbare lewe. Hy dien as lid van die subkomitee vir munisipale aangeleenthede van die Kamer van Koophandel, die Afrikaanse Sakekamer en as ondervoorsitter van die Padveiligheidsvereniging.

# Regter voor A.S.B.

Die eerste programvergadering van die plaaslike A.S.B.-tak vind op Woensdagaand 21 Maart plaas, het mnr. C. J. H. Venter, sekretaris van die A.S.B., in 'n onderhoud verklaar.

Regter J. F. Marais van Pretoria, sal by daardie geleentheid die rede voer oor „Koerante en Sensuur."

Die tweede programvergadering vind op 11 April plaas wanneer twee Pukstudente self die woord in 'n simposium sal voer.

Die onderwerp is: Die Verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende, teoreties en prakties.

Ons waarborg Tevredenheid . .
Kom na
**HETTIE SE HAARKAPSTERSALON**
Onder persoonlike toesig
H/v Tom- en Von Wielligstraat
Telefoon 3054 Potchefstroom

# Professore tot Stadsraad Verkies

TWEE VAN DIE UNIVERSITEIT se professore, proff. D. J. van Rooy en H. L. Swanepoel, is met die onlangse munisipale verkiesing tot die Potchefstroomse stadsraad verkies.

Hiermee word 'n nuwe era in die geskiedenis ingelui aangesien dit die eerste keer is dat 'n lid van die Senaat van die Universiteit op hierdie terrein beweeg.

**JEUGDIENS**

Prof. D. J. van Rooy, wat verlede



*Prof. D. J. van Rooy*

jaar sy amp as ondervoorsitter van die Senaat neergelê het weens bereiking van die ouderdomsgrens, is reeds sewe-en-veertig jaar lank inwoner van Potchefstroom. Hy is iemand wat hom baie beywer vir alle sake wat die jeug raak en het as sulks groot dienste gelewer aan die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O.

**SPORTMAN**

Prof. H. L. Swanepoel is reeds elf jaar lank verbonde aan die personeel van die Universiteit. Hy is 'n baie aktiewe sportman en — administrateur en het op hierdie gebied die studente vir jare gedien.

DIE WAPAD wil hierdie twee lesers van ons blad van harte gelukwens en hulle seën toewens op hulle dienstermyn.



*Prof. H. L. Swanepoel*

# SELFBESTUUR AAN BANTOE

Die eerste van 'n reeks seminare onder beskerming van die departement rasseaangeleenthede van die plaaslike A.S.B. vind op Donderdagaand, 15 Maart, plaas.

Mnr. P. J. J. S. Potgieter, direkteur vir rassesake aan die plaaslike A.S.B-tak. het verklaar dat die onderwerp, Selfbestuur aan die Bantoe, sal wees

Seminare oor aspekte van die rassevraagstuk onder beskerming van die departement sal voortaan 'n instelling aan die Puk word. 'n Student sal self 'n inleidende toesprakie lewer waarna persone intensief en deeglik bespreking kan voer.

Breë programvergaderings bied nie altyd geleentheid vir intensiewe bespreking van die rassevraagstuk nie.

Ten einde studente te aktiveer vir die rassevraagstuk en hulle op hoogte van sake te bring, reël die A.S.B. hierdie kleiner studiekringe waar persone wat werklik belangstel aan die bespreking kan deelneem.

Dosente is hartlik welkom om die seminare by te woon en studente wat belangstel kan met mnr. Potgieter (Dawie Dup) in aanraking kom.


Die direkteur vir Rasse-aangeleenthede van die Hoofbestuur, mnr. D. A.S. Herbst, verklaar dat hierdie studiekringe onder studente tans 'n instelling word aan alle A.S.B.-sentra deur die land. Op hierdie wyse word studente deur en vir die A.S.B. geaktiveer.

# Leraar Promoveer in Amsterdam

DR. S. C. W. Duvenage, leraar van die Gereformeerde gemeente Noordbrug, het onlangs aan die Vrye Universiteit, Amsterdam 'n tweede doktorsgraad behaal. Die studie is gedoen onder promotorskap van die bekende prof J. Waterink.

'n Aantal jare gelede het dr. Duvenage in die teologie gedoktoreer. Sy jongste graad is egter in die wysbegeerte met 'n proefskrif oor kerk, volk en jeug.

By sy terugkeer uit Nederland het dr. Duvenage gesê dat die Neder-



*Dr. S. C.W. Duvenhage*

Foto: Potch. Herald

landse houding jeens Suid-Afrika die afgelope jaar simpatieker geword het.

Daar is oral blyke, ook in die Nederlandse pers, van 'n beter begrip van die Suid-Afrikaanse vraagstukke. In verskeie blaaie het die afgelope tyd deeglike en hoogs simpatieke artikels oor die Republiek verskyn.

Die uiters skerp reaksie teen Suid-Afrika na Sharpeville twee jaar gelede, het geleidelik afgeneem en 'n groot deel van die denkende publiek het tot die oortuiging gekom dat Suid-Afrika nie sonder grondige kennis van die feite beoordeel kan word nie.

Hierdie gesindheid geld in die besonder die behoudende Nederlanders, hoewel die anti-apartheidskomitee van ds. J. J. Buskes met sy linkse en sosialistiese ondersteuners die afgelope tyd ook minder bedrywig was, al was Amsterdam teen die helfte van verlede jaar nog beplak met plakkaatjies „apartheid is fascisme."

Op 'n vergadering wat dr. Duvenage toegespreek het, het 'n persoon stellenderwys in 'n vraag die bewering gedoen dat die publiek van Nederland „inkompetent" is om 'n oordeel oor Suid-Afrika te vel.

Hierdie nuwe gesindheid word bevorder deur die Kongo-fiasko en die sonde wat dr. Soekarno die Nederlandse regering in Nieu-Guinee aandoen.

Die byna vyandigheid van 'n deel van die Nederlandse publiek kan gewyt word aan stelselmatige beinvloeding deur 'n pers wat sy nuus oor Suid-Afrika hoofsaaklik uit Britse bron ontvang.

Die ambassade in Den Haag het meer navrae om betroubare inligting ontvang en die oplaag van die deeglik versorgde nuusbulletin oor die jongste en mees aktuele Suid-Afrikaanse gebeurtenisse het in ses maande van 400 tot meer as 4,000 per week gestyg.

Tydens die Luthuli-episode het die ambassade goed daarin geslaag om nugtere inligting beskikbaar te stel en met Republiekdag het 'n heuglike funksie in die ambassade plaasgevind.

Die pessimisme oor die Republiek se ekonomiese toekoms is vinnig aan die wyk en Suid-Afrikaners wat uit vrees na Europa geëmigreer het, stroom weer terug.

# OU MUTUAL-BEURS VER-OWER

'n PU. vir C.H.O. student, mnr. N. J. Swart, het een van die vyf beurse vir nagraadse studie, wat die Ou Mutual jaarliks aan verdienstelike student toeken, verower.

Mnr. Swart, wat verlede jaar penningmeester van die Studenteraad was, besit die B. Comm-graad en sal sy studies voortsit vir die B. Comm Honneurs-graad.

Die beurs bedra R600 per jaar vir twee jaar en word toegeken op aanbeveling van die komitee van Universiteitshoofde. Geen voorwaardes, behalwe skolasties, is verbonde aan hierdie beurse nie.

**Joubert Meubels**
Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 21
VIR MODERNE MEUBELS
en alle Huishoudelike Elektriese Toerusting
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste
PLAATOPNAMES — *Kom besigtig ons groot reeks*

**HEIDEMA**

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364
POTCHEFSTROOM

**Studente!**

Kuier vir

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

VIR VINNIGE DIENS EN REDELIKE PRYSE

**Onthou**
**3091**
Skakel hierdie nommer
vir
**diens!**

**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

* INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate
* Egte Franse DANA PARFUUM, en
* Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

KERKSTRAAT 85

ENIGSTE
VERSKAFFER
VAN

**OFFISIËLE KLEURE**

***Lucille***
DIE
DEFTIGSTE
***DAMES WINKEL***
IN DIE DORP

**Fleurette Bloemiste**

Sleep in by
*FLEURETTE vir julle BLOMME*
Spesiale afslag.
Kerkstraat 143 Telefoon 709

die Wapad

# 1962 -- In U Lig

1962!

'n Nuwe jaar met nuwe vooruitsigte. 'n Jaar waarin daar gehandel, gespeel en gewerk sal word. Dan is dit noodsaaklik om aan die begin van 'n nuwe jaar opnuut die vraag te stel wat die karakter van hierdie handel, spel en arbeid moet wees.

En by die beantwoording van hierdie vraag rig ons ons nie net tot die nuwelinge in ons geledere nie, maar tot elke individu wat ingeskrewe student aan hierdie inrigting is. Die Christelike karakter van ons Universiteit is nie net bedoel vir die eerstejaar wanneer 'n mens nog vatbaar is vir indrukke en besiel met ideale om ons Alma Mater te dien nie. Dit is 'n roepstem tot elke lid van ons studentegemeenskap. 'n Roepstem wat vra: Weef hierdie karakter, wat opgebou is deur jare van smaad en verguising heen, in in elke klein takie wat u verrig.

Dit is nie 'n geskrewe beleid wat die gees en rigting van 'n gemeenskap bepaal nie, maar die individuele optrede van elke lid daarvan. Die beleidsbepaling is slegs 'n grondslag waarop voortgebou moet word. Daadkrag word vereis om daardie grondslag in lewe te omskep. Daadkrag wat voortvloei uit 'n gesonde gees en strewe om in handel, spel en werk die gees en rigting van ons Universiteit, die **C.H.O.**, te verwerklik.

Dit beteken harde werk, selfbeheersing, selfverloëning. Werp u krag in by die kleinste onderafdeling van ons studentelewe. Daaruit word die groot dinge gebou. Plaas eie eer op die agtergrond en dien die saak. Daardeur kom ons studentelewe tot sy volle reg. Rig u optrede volgens die enigste Waarheid, soos vervat in Gods Woord. Daardeur sal ons studentelewe 'n suiwer karakter bekom en behou.

Dit is die karakter van ons handel, spel en werk — 'n Christelike doelstelling en taakbepaling. So alleen is die P.U.-student in staat om die aktiwiteite van sy studentelewe te laat geskied in die lig van die geopenbaarde Waarheid van God. So alleen word ons gevorm om ons plek vol te staan met 'n Christelike verantwoordelikheidsbesef, gefundeer in die ewige beginsels van Gods Woord.

Beantwoord ons dan die vraag na die karakter van ons handel, spel en werk gedurende die jaar waarin ons staan, is vier woorde voldoende:

1962 — **IN U LIG.**

# Rhodes Weier

ELDERS in hierdie uitgawe verskyn 'n berig in sake die weiering van Rhodes-universiteit om nie-blanke afgevaardigdes in die universiteitskoshuise te laat tuisgaan tydens die NUSAS kongres wat in Julie vanjaar in Grahamstad sal plaasvind.

Gedurende die afgelope paar jaar is verskeie kere gepoog om die Studenterade van die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite byeen te bring om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Van die kant van die Engelstalige universiteite het Rhodes en die universiteit van Natal studenteraadskonferensies belé terwyl die P.U. vir C.H.O. ook sy deel bygedra het.

Hierdie konferensies was egter telkens tot mislukking gedoem. Van die kant van die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad kon geen samewerking verkry word nie omdat hulle die beleid waarvolgens die studentemassas op sodanige konferensie verteenwoordig sal word nie kon onderskryf nie. Die beleid wat naamlik in elke geval voorgestel was deur die Afrikaanse universiteite, is ook die beleid van die Afrikaanse Studentebond. Hiervolgens word blanke groepe deur blankes verteenwoordig, terwyl gemengde universiteitsgroepe deur die voog, die blanke, verteenwoordig word. Daarteenoor staan die beleid van NUSAS dat nie-blankes ook 'n blanke of gemengde groep kan verteenwoordig.

Hierdie geskilpunt het veroorsaak dat geen kontak tussen die Afrikaanse en Engelse universiteite opgebou kon word nie. Eersgenoemde groep het die beleid van die A.S.B., wat voortspruit uit die beleid van afsonderlike ontwikkeling, onderskryf, terwyl laasgenoemdes hardnekkig die beleid van NUSAS voorgehou het. In die woord van mnr. Adrian Leftwich, president van NUSAS, is NUSAS 'n veelrassige organisasie wat in al sy bedrywighede teen rasse-skeiding gekant is.

Die weiering van Rhodes dwing 'n mens om te besluit dat NUSAS ook dubbele stan daarde het waaraan sy optrede gemeet word. Kom die oproep tot samewerking van die kant van die Afrikaanse universiteite, dan word die beleid van NUSAS voorgehou, terwyl in eie kring die weg nie oopgesien word om nie-blankes in die universiteits koshuise van Rhodes toe te laat nie, omdat dit die tradisies sal verbreek.

Die vraag kan nou gestel word of NUSAS nie wil insien dat die beleid van die A.S.B. ook voortspruit uit die tradisie nie. Konsekwente optrede van die kant van NUSAS kan meebring dat 1962 'n tydperk van samewerking tussen die Afrikaanse en Engelse hoër opvoedkundige inrigtings inlei.

# In U Lig

IN U KLEED of in u kleed, in U lig of in u lig? Waarin gaan u geklee en in watter lig bevind u uself? Na aanleiding van u leuse IN U LIG gaan u geklee met Christus en bevind u uself in die lig van God. Maar is dit die volle waarheid?

„Ek het 'n geruis in die tuin gehoor en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg." (Gen. 3:10).

**ONTKLEDE MENS**

Die is die verwoestende slag van die sonde, die uitmekaarspat van alle bindende bande—die ontkleding van die mens wat toe nog met ware kennis, geregtgiheid en heiligheid beklee was. Die eens rustige mens verkerende in die teenwoordigheid van God, maar nou die paniekbevange vlugtende mens van die aangesig van God af weg.

> **„Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."**
> **Galasiërs 3:27.**

Kyk die mens! Die sonde het van ons vlugtelinge gemaak met die onrus van die trekvoëls in die winter. Die sonde het ons alles ontneem en ons nakend en bewend voor God gestel.

Besef u deur sondebesef, u diep ellendige staat en kom dit u bewend oor die lippe: „Ek ellendige mens" . . . „O God, wees my sondaar genadig?" U en my eintlike posisie is nie as bekledes IN U LIG nie, maar as nakendes IN DIE SONDE-DUISTERNIS.

Afgesien van hierdie diep ellendige staat van die mens, het hy homself nog altyd uit die haglikheid probeer red. Adam enEva het op die vlug geslaan en gemeen dat afstand en vyeblare hulle van Godstroon sou kon red.

Die toringbouers van Babel het met menslike vernuf probeer om hulle as selfredders te betoon en in hoogheidswaan God na die kroon probeer steek deur in geswolle taal te sê: „Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie." (Gen. 11:4).

In dieselfde kleed het ook Lameg geklee gegaan en in die lig van eie opgeblasenheid uitgeroep: „Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewemaal gewreek word, maar Lameg sewe-en-sewentigmaal." (Gen. 4:23-24).

En ook vandag, selfs nadat Christus gekom het: „raas volke in opgewondenheid. Gedugte konings staan gereed alom, en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd, om God almagtig na die kroon te steek en saam teen Sy Gesalfde op te staan." (Ps. 2.1a).

Die vlugtende en onrustige mens probeer rus vind by die gedagte dat eie vermoëns kan red, dat die mens 'n eie utopie kan stig, dat die lig van die wetenskap altyd sal brand en altyd uitredding sal bring.

Daar word geleef asof die wederkom van Christus nog ver is, asof daar nooit 'n gerig sal wees nie. „Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie." (Openb. 3:17).

**BEKLEDE MENS**

Die mens kan nie die vlugtende bly nie, God het Adam en Eva ingehaal. Die mens se bedekking is inderdaad vyeblare wat voor die gloed van Godstoorn wegskroei dat niks anders as naaktheid bly nie.

God eis dat aan Sy geregtigheid voldoen moet word. Die skuldrekening deur ons sonde by God gemaak, moet vereffen word. Self kan ons vir die sondeskuld nie betaal nie want daagliks maak ons die sonde nog meer — ons staan voor God nakend en bewend.

Maar wat 'n genade! Jesus Christus kom in ons plek staan. God sien ons nie meer in ons naaktheid aan nie maar as met Christus beklee, staan ons voor God. Selfs oor Christus se gewaad is die lot gewerp—Hy is ontklee sodat ons beklee kan wees. Hy roep bewend en beangs: „My God, My God, waarom het U my verlaat?", sodat ons kan vry uitgaan.

Dit is nie maar net 'n mooi redenasie wat psigologies op ons inwerk om ons gemoedsrus te skenk nie — dit is die werklikheid! U en ek is deelgenote van Jesus Christus se lyde, sterwe en opstanding in soverre ons die weldade met 'n gelowige hart aanvaar. Die doop is vir ons daarvan 'n bewys: „Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee." (Gal. 3:27).

Wat die doop betref, dink Paulus aan die beeld van die ondergaan in die water en die opkom uit die water. As gelowiges was die gedoopte Galasiërs figuurlik in Christus gedompel. Die onderdompeling sien op 'n ondergaan en opstaan saam met Christus en nie op 'n mistieke eenwording met Christus nie.

Hier word die doop nie net as uitwendige waterdoop gesien nie—dit is veeleerder 'n doop na sy geestelike inhoud. Dit wys op die eenheid met Christus in Sy lyde maar ook in Sy opstanding. U en ek is saam met Christus gekruisig maar ook saam met Hom opgewek tot 'n nuwe lewe!

Deur die doop word ons met Christus beklee. Die oue mens leef nie meer nie, maar Christus leef in ons. Alleen in hierdie KLEED sien God ons aan, alleen in die KLEED het ons toegang tot die bruilof van die Lam want niemand sal sonder die KLEED toegang tot die bruilof verkry nie. „Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy ryk kan word; en wit klere dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie . . ." (Openb. 3:18).

In hierdie **kleed** tree ons op, in hierdie **kleed** veg ons ook in die voorste linie van die geloofstryd en met die **kleed** is ons ook in staat om die vurige pyle van die bose af te weer: „Want in Hom leef ons, beweeg ons en is ons . . ." (Hand. 17:28).

Alleen in hierdie **kleed** kan ons IN U LIG verskyn en is ons in staat om IN U LIG bo ons wetenskapsbeoefening en studentelewe te skryf.

Waarmee gaan u geklee? Ons Christenskap het 'n al te gerieflike like oorkleed geword wat ons net by sekere geleenthede aantrek en weer maklik uittrek wanneer dit ons pas, wanneer ons gedwing word om 'n krompomie te sluit, wanneer ons selfs die kleed van die sonde aantrek, net om nie in onguns te raak nie.

Ons verskyn te min as met Christus geklee, ons staan te min op die beginsels van die kruis, daarom ken ons ook so min die eervolle smaad van die kruis.

Om met Christus beklee te wees, vind nie sonder enige slag of stoot plaas nie. Dit impliseer dat ons eers die ou kleed moet uittrek, dat ons afstand moet doen van alles wat ons onwaardig maak om die **kleed** te dra, dat ons uit ons **eie lig** moet uittree. Dan alleen sal ons waardig bevind word o mmet die nuwe wit kleed be-

(vervolg op bladsy 5)

# A. S. B. -Kongres Vanjaar Op Stellenbosch

DIE VEERTIENDE jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond vind vanjaar vanaf 2-7 Julie in Matieland plaas.

Die sentrale tema van die kongres sal „Die Kultuursituasie van ons tyd' 'wees. 'n Vooraanstaande geleerde sal gevra word om hieroor te praat.

Anders as in die verlede sal daar nie vanjaar deur elke A.S.B.-sentrum 'n referaat gelewer word nie. Referate sal voortaan op 'n stelsel van rotasie gelewer word.

Vyf sentra sal vanjaar aan die beurt kom. Referate sal gelewer word oor: Die Afrikaner in die Kultuursituasie; Die blank-blank verhouding in die Kultuursituasie; Die blank-nie-blank verhouding; Die jeug in hierdie situasie en die taak van die A.S.B. in die Kultuursituasie.

Mnr. D.A.S. Herbst, direkteur vir rasse aangeleenthede van die A.S.B. het in 'n onderhoud verklaar dat hierdie tema om 'n besondere rede gekies is:

„Na Republiekwording is dit noodsaaklik vir die A.S.B. om te besin oor die botsing in die aanskakeling van kulture in die wêreld, en die strominge in die huidige kultuursituasie. Meer nog: Die Afrikaner moet homself verantwoord oor die kulture van sy eie land en besin oor sy eie taak in hierdie verband," het hy gesê.

Na verwagting sal advokaat B. J. Vorster, Minister van Justisie, die kongres amptelik open.

Saam met die kongres vind ook weer die kunsfees van die A.S.B. plaas. Die verwagting is dat strawwe mededinging sal bestaan en dat 'n reuse sametrekking van kunsfeesgangers in Stellenbosch sal plaasvind.

Die sentrale tema van die interfakultêre konferensie is: „Die mens." Verskeie referate sal oor hierdie tema gelewer word. Die direkteur vir Studie en Navorsing aan die plaaslike A.S.B.-tak, mnr. Jurie Venter, werk reeds druk aan die P.U. se referaat wat handel oor die mens: sy oorsprong en geskapenheid na Gods beeld.



*Piet Steinberg*

## S.S.B. VANJAAR AKTIEF

IN 'N ONDERHOUD het mnr. P. W. Steinberg, voorsitter van die Sentrale Sportbestuur, verklaar dat hierdie liggaam vanjaar 'n aktiewe rol in ons studentelewe gaan speel.

Op Donderdag, 15 Maart, hou die S.S.B. sy eerste programvergadering. Die program, wat om 7.30 nm. 'n aanvang neem, word in die Studentesaal aangebied.

Prof. W. N. Coetzee tree as gasspreker op en sal die aanwesiges toespreek oor „Die waarde van sport en die Calvinis se benadering ten opsigte van sport."

**ROLPRENTE**

Daarbenewens word rolprente vertoon oor die eerste myl wat Roger Bannister onder vier minute voltooi het, oor krieket met 'n besondere studie van die aksie en styl van Jackie McGlew, die rugbytoets tussen die Springbokke van 1956 en die Wallabies, en laastens die Olimpiese Spele van 1956 OF rugbytoetse tussen die Springbokke en Frankryk, Brittanje en die All Blacks.

● Dit is 'n progressiewe stap van die S.S.B. en behoort die ondersteuning van elke sportman en -belangstellende te geniet.

## REDAKTEURS BYEEN

Die redakteurs van alle Afrikaanse Studentekoerante sal op 30 en 31 Maart op Potchefstroom byeenkom vir 'n konferensie.

Die redakteurs sal die stigting van 'n Afrikaanse Studentepersunie bespreek en ook bespreking voer oor 'n moontlike binnelandse publikasie onder beskerming van die A.S.B.

Mnr. D. A. S. Herbst, sameroeper van die konferensie het verklaar dat die konferensie plaasvind in opvolging van die kongresbesluit verlede jaar, waartydens die stigting van 'n persunie in beginsel goedgekeur is.

Tydens die konferensie sal verslag gedoen word oor die terrein en fungering van die persunie. 'n Voorlopige grondwet sal vasgelê word en na verwagting aan die volgende kongres van die A.S.B. vir bekragtiging voorgehou word.

## Universiteite Verdwyn?

Oor sowat tien jaar sal studente hulle onderrig oor die radio en televisie ontvang, het prf. B. Broadbent, van die Universiteit van Nu-Suid-Wallis verklaar.

Prof. Broadbent het die einde van Australiese universiteite voorspel en verklaar:

„Universiteite soos ons hulle vandag ken, sal moet verdwyn. Hulle is te groot—die akademiese atmosfeer bestaan nie meer daar nie."

In die toekoms sal lektore die meeste van hulle tyd bestee aan die voorbereiding van radio- en televisieprogramme. Die studente sal slegs vir eksamens en mondelingse klasse byeenkom.

Prof. Broadbent het verklaar dat dit s.i. die enigste oplossing sal wees vir die getalle-probleme aan universiteite.

## „Nieuws uit Zuid-Afrika"

„Nieuws uit Zuid-Afrika", 'n blad wat aan meeste van ons bekend is, 'n blad wat dit sy doelstelling maak om die ware toestand in Suid-Afrika aan die bevolking van Wes-Europa voor te hou, het prominente aandag geniet op die vergaderings van beide die hoofbestuur en die beleidsraad van die A.S.B.

Hierdie blad het onder andere 'n grootskaalse fondsinsamelingsveldtog van stapel gestuur om hulle doel te bereik. Op die onderskeie vergaderings is dan ook besluit dat so 'n koerant die ondersteuning van alle ware burgers van die Republiek van Suid-Afrika behoort te geniet. Verder is besluit dat alle A.S.B.-sentra en Studenterade hulle volle steun aan hierdie onderneming sal toesê.

**DONATEURS**

Die doelwit van die onderneming is om R50,000 in te samel of om 10,000 donateurs in te bekom wat elkeen R5 sal bydra tot hierdie grootste onderneming. Die redaksie van die blad het gevra dat genoeg moet word dat elke student een donateur werf. Sodoende kan hulle die blad verbeter en die verspreiding bevorder.

● Waar 'n buitelandse instansie ongevraag hierdie lofwaardige diens sonder vergoeding van regeringskant aan Suid-Afrika bewys, het die verteenwoordigers op die vergaderings gevoel dat die jeug van Suid-Afrika so 'n nasiediens moet steun tot die uiterste.

(Vervolg van bladsy 4)

klee te word, dan alleen sal ons in staat wees om IN U LIG te leef en te beweeg.

In U kleed of in u kleed, in U lig of in u lig? Waarin en waar bevind u uself as u studeer, ,as u in die studentelewe rondbeweeg en u aspireer vir die Studenteraad, in u gesprekke met en van mekaar, by geleenthede wanneer sterk drank op die spel is en u in u verhouding tot die teenoorgestelde geslag?

P. J. J. S. ENSLIN.

## A. S. B. -- HOOFBESTUUR VERGADER

DIE HOOFBESTUUR van die Afrikaanse Studentebond wat Saterdag, 10 Maart 1962, in Bloemfontein vergader het, het baie interessante sake ter tafel gehad. Veral is tyd bestee aan die A.S.B.-kunsfeesreëlings.

Die kunsfees vind van 2 tot 7 Julie in Stellenbosch plaas, en 'n versoek sal gerig word dat alle toerliggame van lede-universiteite hulle onderskeie toere eers na 7 Julie moet begin. Dit word gevra sodat die talentvolle studente eers geleentheid



*Dirk Herbst*

kan kry om teen die ander universiteite mee te ding op die kunsfees.

**SPESIALE TREIN**

Hierdie kunsfees skyn uniek te wees aangesien meer nuwe sos ale kontakte aangeknoop kan word voordat die kongresgangers op Stellenbosch arriveer. 'n Spesiale trein sal gehuur word om afgevaardigdes en kunstenaars na Stellenbosch te vervoer. So iets is moontlik omdat agt hoër opvoedkundige inrigtings van die diens gebruik sal maak, waaronder Tukkies, N.K.P., H.O.K., Puk, Pote, en Bloemfontein. So 'n spesiale trein maak dit moontlik om teen 'n baie lae tarief heen en weer te reis.

**KONSERTGROEP**

'n Lofwaardige besluit van die Hoofbestuur is dat die wenners van kunsfeesitems 'n konsertgroep sal vorm wat onder andere gedurende Augustus in Potchefstroom en Pretoria sal optree. Hier sal ons die room van ons Afrikaanssprekende studente sien optree.

## Musiek op Piekniek

Eerskomende Saterdag vind weereens die jaarlikse tweedejaarspiekniek plaas, wat reeds die afgelope jare ontwikkel het tot 'n jaarlikse instelling. Die piekniek vind weer vanjaar, netsoos verlede jaar, by Schoemansdrif plaas en dit beloof om 'n baie genoeglike dag te wees.

Die tweedejaars onder leiding van Fanie du Plesis het 'n puik program vir die dag gereël en al wat 'n Puk is sal 'n heerlike dag geniet. Die busse vertrek reeds om sesuur die oggend en verder sal daar baie te eet en te drink wees. Boeresport en musiek is vir die dag gereël en om die kroon op baie 'n genoeglike dag te span, het die P.U. volkspelelaer 'n volkspele-aand gereël om so die dag af te sluit.



*(v.l.n.r): Mev. Rust, prof. J. H. van der Schroeff, mev. van der Schroeff, mnr. Rust (S.A. ambassadeur in Nederland)*

## Professor Van Der Schroeff Ontvang Ere-kleure

DIE P.U. VIR C.H.O. het in 1961 aan prof. dr. H. J. van der Schroeff ere-kleure toegeken. Dit is deur mnr. J. du Plooy, voorsitter van die Studenteraad, persoonlik aan prof. Van der Schroeff oorhandig toe mnr. Du Plooy Nederland besoek het.

Prof. van der Schroeff is van huise uit 'n Suid-Afrikaner. Sy vader het vir die N.Z.A.S.M. (Nederlands-Suid-Afrikaanse Spoorweë) op Springs gewerk toe die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het. Hy het die wapen aan die kant van die Boere opgeneem en na sy gevangeneming is hy van Kaapstad af gedeporteer.

Daar is aan hom belowe dat sy vrou saamgestuur sal word maar toe hy aan boord kom, was sy nie daar nie en hy het doodeenvoudig oorboord gespring en geweier om sonder haar te vertrek. Die egpaar is uiteindelik met die Kinsfoul Castle weg en die latere prof. van der Schroeff is op die Atlantiese Oseaan gebore.

Prof. van der Schroeff het deur die jare 'n lewendige belangstelling in Suid-Afrika bly behou en hy is ten volle op hoogte van ekonomiese verwikkelings in ons land. Hy stel ons saak nog deur die jare aan die Universiteit van Amsterdam waar hy professor in die Leer van Interne Organisasie is.

● In 'n omgewing waar die gevoelens jeens Suid-Afrika soms alles behalwe vriendelik is, het Suid-Afrika 'n goeie vriend, kampvegter en pleitbesorger in die persoon van 'n man wat van vriend en vyand respek wegdra.

## HUISHOUDKUNDIGES AKTIEF

DIE TROTS van die Huishoudkundestudente is die huishoudkundige vereniging wat aan die begin van hierdie jaar tot stand gekom het.

Die vereniging het hoofsaaklik die uitbreiding van kennis in verband met die verskillende aspekte van huishoudkunde ten doel. Dit sal ook poog om almal op hoogte te hou van die nuutste wetenskaplike ontwikkeling op dié gebied.

Die studente is baie geesdriftig en daar is reeds 'n bedrywige en interessante jaarprogram opgestel. Kenners sal die studente op programvergaderings kom toespreek en leersame uitstappies sal onderneem word.

**UITSTAPPIES**

Die uitstappies sluit in 'n besoek aan die Carleton Hotel in Johannesburg tydens die jaarlikse kompetisie van chefs, 'n besoek aan die Baragwanath hospitaal vir praktiese ondervinding in verband met gebreksiektes, en so meer. Lesings op vergaderings sal keramiekwerk en pottebakkery insluit. Dit is twee afdelings van huishoudkunde wat nie hier plaaslik doseer word nie.

Pogings word aangewend om 'n gekwalifiseerde mannekyn en grimeerdeskundige te kry om 'n vergadering toe te spreek.

**FONDSE**

Dadelik het die ywerige huishoudkundiges na die meelblik, potte en panne gegryp en die eerste besending koeksisters het reeds die lig gesien ter stywing van die vereniging se fondse.

Die geesdrif en pragtige samewerking tussen bestuur en lede voorspel 'n aangename en interessante jaar.

*Studente!*
Besigheid of FLIEK in die dorp
STOOR JULLE FIETSE TEEN
2½c PER DAG
EN KOOP SNOEPERYE BY
**Annellas Restaurant**
Kerkstraat 85 Potchefstroom

# Potchefstroom Klop P. E.



*Prof H. Venter*
Foto: Potch. Herald

Potchefstroom het die vasvrawedstryd teen Port Elizabeth, wat oor die lug gehou is, met 'n puntestand van 22½ teenoor die 20½ van P.E. gewen.

Proff. H. Venter, H. J. Schutte en D. W. Kruger het Potchefstroom verteenwoordig met dr. du Toit, mnr. Buchner en mnr. Scheinhobel aan Port Elizabeth se kant.

Die spanne het kop aan kop geloop en die spanning was hoog toe die laaste vraag aan Potchefstroom gestel is:

Wat is 'n Kampernoelie? Dr. H. Venter kon die antwoord amper volledig verstrek: 'n tipe plant (Naderbeskryf 'n soort sampioen).

Die spanne was nou gelykop en 'n verdere vraag moes aan beide spanne gestel word. Port Elizabeth kon nie die antwoord op hulle vraag verstrek nie en Potchefstroom het as oorwinnaars uitgetree nadat prof. Schutte die laaste vraag **beantwoord** het.



*Prof. H. J. Schutte*
Foto: Potch. Herald

## Volkspelekursus in Vooruitsig

Op die sestiende en sewentiende Maart sal 'n aantal Pukke 'n leierskursus bywoon, wat deur die bekende volkspeleleidster, Marie Vosloo, gereël word.

# UNIEKE MASJIEN VIR EKONOMIE VOLTOOI

Dr. F. J. du Plessis, senior lektor in Ekononomie aan die P.U. vir C.H.O., se unieke masjien waarvolgens ekonomie as 'n abstrakte vak meer konkreet voorgestel kan word, is onlangs deur die Universiteit se instrumentmakers voltooi.

Die P.U. is die enigste universiteit wat oor sodanige masjien beskik. Dit is trouens een van weiniges oor die hele wêreld.

Hierdie model is bykans dubbeld so groot as al die ander bestaande modelle en staan 10vt. x 7vt. x 3vt. in sy sokkies. Die grootste gedeelte van die model word uit perspex vervaardig. Die materiaal is duur en sommige van die buise daarin kos tot R1.10 per vt. Volgens skatting sal die materiaal alleen oor die R600 beloop en die arbeidskoste daaraan verbonde 'n bietjie meer.

Vir die model is vier elektriese motors uit die V.S.A. bestel aangesien hulle nie hier of in Engeland verkrygbaar is nie. Die motor (tjie)s is ongeveer 2½dm. by 3dm. en kos R50 stuk, kleinhandel.

Die model werk op die beginsel van 'n gesolte vloeisisteem waar die vloeistof die geld voorstel **wat deur** die ekonomiese struktuur vloei. Die model word gebruik om die veranderinge in die ekonomiese struktuur op nasionale of volkinkome aan te dui.

### BELASTING

Dit sal die invloed van belasting verandering op die land se ekonomie en ook die invloed op die buitelandse ekonomie kan vasstel. Soortgelyk sal dit kan aandui die invloed van die bestedingsprogram van die owerheid die invloed van verandering in die neiging om te spaar, verandering in die rentekoers en wisselkoers, veranderings in beleggings en bestedings, invoergeneigdheid en uitvoer.

Die model is so gekonstruktrueer dat elke invloed afsonderlik of ook gelyktydige veranderinge geillustreer kan word. Verder het die model 50 punte waarin dit verstel kan word sodat 'n oneindige aantal kombinasies moontlik is.

Van hierdie punte is sommige outomaties terwyl andere deur die operateur gereguleer word met die moontlikheid dat die outomatiese ook met die hand gereguleer kan word na gelang dit nodig is.

### GRAFIEKE

Op die model word bewegende grafieke aangebring waarop volksinkome en betalingsbalans met verloop van tyd aangedui word. Verder is daar 'n hele aantal skale wat rentekoers, wisselkoers en pryse aandui




Foto: Fotokuns


# VAN DER BANK'S

## DIE TOONAANGEWENDE EIENDOMSAGENTE EN VERSEKERINGSMAKELAARS IN POTCHEFSTROOM

***Neem kennis van ons nuwe adres:***
**Ons het verskuif na nuwe grondvloerpersele te**

**KERKSTRAAT 144**

**vir u gerief (vorige persele van Joubert & Jacobs), reg langs die Grand-teater**

EIENDOMME TE KOOP OM ENIGE SAK TE PAS
BOUPERSELE TE KOOP MET SLEGS £50 DEP.
HUISE TE HUUR DEUR DIE HELE DORP
LAAGSTE TARIEWE VIR
3e PARTYVERSEKERING
ENIGE TIPE VERSEKERING WORD ONDERNEEM
MOTORVERSEKERING TEEN DIE LAAGSTE TARIEWE
RAADPLEEG DIE DESKUNDIGES OP DIE GEBIED VAN VERSEKERING

***LENINGS BESKIKBAAR ONMIDDELLIK***

**KERKSTRAAT 144** **POTCHEFSTROOM**

**Telefone: 904, 3341 — Na-ure 1359, 3594**

# *Warm uit die oond op die Campus*

DIS oorlog nou; die vrede is verby! Hierdie woorde is tog so baie, baie waar, want na 'n lekker vakansietjie is ons weer almal terug op die slagveld, om te skiet en om geskiet te word.

En asof dit nog nie genoeg is nie, is die proffies ook saam met ons terug op die Campus om met hul lastig akademie-kêtties die slagveld verder te bestook met hulle geleerdheid-ammunisie.

Eintlik is dit 'n ongelyke stryd, want die arme teiken is 'n studentjie wat maar 'n vlak akademiese loopgraaf het, en al kans om terug te skiet is aan die einde van die jaar.

### PIESANGPITTE

Ondervinding het ongelukkig ook al geleer dat die piesangpitte tussen 'n student se ore nie juis kennis op 'n vraestel kan skiet nie, maar eerder 'n gat in sy pa se beursie. Of is dit dalk die dinge waaraan die taalmakers gedink het toe hulle die spreekwoord „ 'n skoot in die donker waag" uitgedink het.

Haai wag! netnou word ek daarvan beskuldig dat ek spoke opjaag. Hoekom sal 'n mens nou ook dink aan die simpel dinge van die verre toekoms as die aangename verlede nog nie eers mooi opgedroog het nie?

### BESPROEIINGSKEMA

Nou so van opdroog gepraat: dit lyk mos al vir my asof die republiekeinse staat, Gatlandia, 'n droogte op die sleeplande vrees en nou 'n besproeiingskema begin het. Van my buitelandse verslaggewer verneem ek dat die opgaardam wat net voor hul statige parlementsgat lê op Saterdag 10 Maart ingewy is. Die geleentheidspreker was 'n afgevaardigde van die P.U.-V.V.O. Dit was mnr. C. P. van der Walt, wat juis ook die amptelike verteenwoordiger vir mansmoondhede op hierdie V.V.O. is.

Terwyl ek nou besig is om my tyd so te mors met die inter-koshuissale politiek kan ek nie help om aan nog 'n vel(d)slag, wat vars in die geheue is, te dink nie. Maandagaand 5 Maart het die U.V.D.M. (Verdediging) vir „Over-de-Voor" gewys wat onder oorlogstrategie verstaan word. Gewapen met al die nuutste kernwapens het hulle in hul duisende 'n uiters geslaagde wapenskou in die tuin van hierdie nuwe mandaatkoshuis van Dawie Doep gehou. As dit nie was dat die hoshuismanskappe soos een man saamgestaan het en skouer-aan-skouer bo by die vensters uitgekyk het nie, dan was daar dalk 'n lelike moles. Die eintlike redding het egter gekom toe 'n pantser-eenheid van die polisie die gelukkige samesyn vreedsamer gemaak ret.

Die genoemde samesyn waarvan hierbo gepraat word is egter nie al wat ek van weet nie. . . ?!

### ONRUSBARENDE AFMETINGS

Op die Campus is die samesyn tussen mans en dames ook besig om onrusbarende goeie afmetings aan te neem. Dit bewys maar net weereens dat die lang vakansie 'n mens met aspirasies vervul—ledigheid is die duiwel se oorkussing!

### GOLD RUSH

In die tussentyd is die Gold Rush ook gewen en die kampioenskap is verower deur **Pieter du Plessis** wat sy kleimpie afgepen het om **Annetjie Roos.** Baie geluk met die mooi poging. Ons hoop dat hierdie Gold Rush-kys vir julle 'n ware goudmyn van geluk sal wees.

Hier volg dan die ander kombinasies wat gekombineer het:

**Kyste:** Attie Badenhorst —Elrien van Deemter.
Philip Louw — Riana Swanepoel.
Carl Viser — Riana Lambrechts.
Leon Croesêr — Magdaleen Lategan.
Ieg Vorster — Esté Martins.
Dennis Prinsloo — Cleonie Snow.
George Blanché — Amanda le Roux.
Jaap Verhoef — Bettie Enslin.

Dan word die volgende persone ook nog dikwels in mekaar se . . . sê maar mekaar se geselskap . . . gesien:
Hans (sing-songs) van Zyl — Sarie Fourie.
Louis Botha — Riekie Smit.

**Verlowings:**
Hennie van der Walt — Gerrie Fivaz.
H. B. van der Walt — Ina Venter
Lou van Wyk — Ina Venter (nog ene!).
Jaap Human — Linda van der Smit.
Bos van Oudthoorn — Adri Hoogenboezem.
H. H. (Herry) Venter — Carol Cameron.
Willie Froneman — Hilda Jonker

Die volgende maatjies is eintlik baie verder heen as al die ander, want hulle ore tuit nog nog van die huweliks klokkies:
Anton Dreyer met mev. Dreyer (gebore Oosthuizen).
Rina en Wynand van der Merwe.
Christa en Johan van Vuuren.
Amanda en Marthinus du Plessis.
Zoë en Niek Kleynhans.

En as ons nou so na al die dinge hierbo kyk dan stem ons saam:

● „Girls will scream at a mouse, yet smile at a wolf."



Foto: Fotokuns

## NUWE TRUIE

DIE eerste rugbyspan van die P.U. sal vanjaar in splinternuwe rugbytruie op die veld draf.

Die nuwe trui, wat op bostaande foto deur Piet van der Schyff vertoon word, is ou-goud terwyl die kraag en mansjette maroen is. Groot maroen nommers word op die rug aangebring. Die P.U.-wapen op die bors rond die geheel af.

In hulle nuwe truie behoort die eerstespan vanjaar spoggerige voetbal te speel.



*Prof. I. J. H. Fourie, Piet Steinberg, Johan Claassen en Avril Malan.* Foto: Fotokuns

# Gatland Handhaaf Tradisies

*(Van ons oordamse korrespondent)*

„DIT IS VIR MY MOOI as die tradisies van die verlede in ere gehou word. Daarom wil ek die inwoners van **Ons Huis** gelukwens met hul inisiatief!" Die huisvader, mnr. C. P. van der Walt, het Saterdagoggend met 'n ontroerde gemoed hierdie inspirerende en gewaardeerde boodskap aan die bewoners van Republiek Gatlandia gerig tydens die ingebruikneming van die „Gat van Gatland."

Ongeveer twee koshuise vol studente het om 8.30 vm. die plegtigheid bygewoon. Op baie gesigte was ongeloof te lees toe die visdam onthul is—waar kom die dam so skielik vandaan? Die vorige aand om 8 uur was daar nog geen tekens van enige bouery voor Gatland nie!

### BEDRYWIGHEID

Die aand teen tien uur was die toneel egter heeltemal verskillend. Die buitengewone bedrywigheid het toegeneem terwyl (hoog)spanning opgelaai het. Vyf lampe het die opening tussen die koshuis en die „sielsieke inrigting" verlig. Vierhonderd bakstene het soos een man gereed gestaan om ingemessel te word. Kruiwaens vol sand het uit alle oorde aangestap gekom.

Ja, dit was 'n groot nag op ons ou plaas. Soos mnr. Idyll van der Walt tereg opgemerk het: „Die grootste enkele gebeurtenis in die agt jaar van my koshuislewe!" Vandat die ou visdam afgebreek is, was die gees van Gatland nie meer wat dit moes wees nie. Daarom het die Driemanskap van Gatland die gedagte laat ontstaan om een nag die visdam weer in die lewe te roep.

### AKSIEKOMITEE

Die beplanning van die aksie is waargeneem deur 'n aksiekomitee bestaande uit mnrr. At van den Berg Klippie van der Walt, Joerang Venter, Patrys Cloete en Kleinfaan Oosthuizen. Baasbouers Prins Hendrik, Patrys Cloete en Louis Coetsee het gebou, Motorbike Steyn en Blondie Buys het gepleister, en siedaar: 'n visdam verrys uit die duisternis soos 'n kys uit ou Charlie Koen se drome!

Ou „Jurie Fotokuns" beweeg soos 'n skim rond met sy flitskamera en teen 6.15 vm. vervaag sy flitse voor die geknal van tien dawerende slauut (rewolwer) skote om die voltooiing van die Gat aan te kondig en menige ouheer se droom net daar kort te knip.

### NIE BED OPMAAK NIE

Baie pittig en van pas was Tjaart Steyn se opmerking: „Ek's darem oor een ding bly nadat ek heelnag gewerk het — nou hoef ek nie vanoggend bed op te maak nie!"

Tydens die ingebruikneming van **Die Gat** is Gatland se pragtige nuwe vlag, geskilder deur Patrys Cloete, ook die eerste maal in die openbaar opgehang.

### DRIE MYL

Ongelukkig kon At van den Berg nie tydens die middag se atletiekbyeenkoms die drie myl-item inpalm nie, selfs nie eers nadat hy die hele nag om die visdam geoefen het nie. Maar vir Gatland is hoofsaak — ons ons **het** nou weer 'n visdam, ons gaan dit **behou** en ons gaan die tradisie **voortsit!**

Die manne wat wil kys, moet gouspeel, want die winter is naby; die laatslapers sal weer gereeld 8 vm. in die klas wees; die paddamanklub se oefenprobleem is opgelos; EN— die dae van visdam-fights is weer hier!

# Rugbykapteins Skryf in

Twee oud-Springbokrugby kapteins Johan Claassen en Avril Malan, het vanjaar as buitemuurse studente aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf.

# KRIEKETKLUB VAAR NIE GOED

Hoofsaaklik te wyte aan verkeerde opstelling van veld, verkeerde gebruik van boulers en swak veldwerk het die eerstespan in twee vriendskaplike wedstryde nie baie goed gevaar nie.


Die Pote het daarin geslaag om Puk met 3 paaltjies te klop. Die Puk-boulers kon nie die mas opkom nie, en net Vorster kon enigsins hand haaraf maak deur 3 penne om te kap. In die Pukke se kolfbeurt was dit net Gert Scholtemeyer en Heunis wat lopies kon aanteken.

In 'n vriendskaplike wedstryd teen Potch. Dorp het Puk nie veel beter gevaar nie, deurdat hulle hierdie wedstryd met 5 paaltjies verloor het. Gert Snyman het die beste onder die boulers gevaar deur 3 paaltjies in te oes. Onder die kolwers het Katzen, Scholtemeyer, Van Niekerk en Richards hoofsaaklik vir die lopies gesorg.

● Daar is 'n groot belangstelling vir krieket vanjaar, veral onder die eerstejaars, en daar sal beslis gepoog moet word om beter en aantrekliker krieket te speel.

★ ★

satisfaksie na die aksie




DIE GEROOSTERDE SIGARET IN DIE SWAAI-TOP DOSIE
ONGEKURK EN FILTER

★ ★

# Rekords Spat op Puik Byeenkoms

DIE UNIVERSITEITSKAMPIOENSKAPPE, aangebied deur die P.U.-Atletiekklub, is op Saterdag 10 Maart, in heerlike sonnige weer gehou. 'n Goeie standaard is deurgaans gehandhaaf en sommige atlete het met uitstaande pogings voor die dag gekom. Afgesien van die feit dat slegs ingeskrewe studente in aanmerking kom vir rekords, is daar agt rekords verbeter.

'n Baie belowende eerstejaar het Saterdag sy debuut in P.U.atletiekkringe gemaak. Hy is Willie Coetzee, seun van Prof. W. N. Coetzee wat self geen bekendstelling aan Pukke nodig het nie. Hierdie kranige atleet het gesorg vir een van die agt rekords wat opgestel is. Hy het die 120 treë hekkies (onder 19) in 15 sek. afgelê. 'n Voorspelling dat ons in die toekoms nog baie van Willie Coetzee gaan hoor is seker nie vergeog nie.

Pietman Botha, lank reeds 'n bekende, het skitterend vertoon in die 220 treë hekkies en hy het die rekordtyd van 25.1 sek. daargestel. Om sy stempel deeglik op die byeenkoms af te druk het hy daarna ook nog die 100 treë in die goeie tyd van 10 sek. gewen.

Ander persone wat rekords opgestel het is: N. Prinsloo (44vt. 10 dm in die driesprong); S. Rawlins (23 sek. in die 220 treë mans onder 19); M. Nel (10vt. 2 3/4 dm. in die paalspring); V. de Kock (37 5dm. in die gewigstoot vir vroue



JOHAN VAN DER SCHYFF

onder 19). Een van die beste vertonings wat nog gesien is in die geskiedenis van atletiek op die P.U. is gelewer in die mans aflos (4 x 110) toe die uitstekende tyd van 43.7 sek. opgestel is.

Nico Hansen van die weermag, 'n ander uitblinker op die byeenkoms, was vir die beste prestasie van die dag verantwoordelik toe hy 23 vt. 8dm. in die mans verspring gehaal het. In die paalspring het hy die baie goeie hoogte van 12vt. 3 dm. bereik.

Medaljes en sertifikate verwerf op die vorige Suid-Afrikaanse kampioenskappe is oorhandig aan Jurg van der Walt, Alta de Kock, Pietman Botha en Johan van der Schyff.

Die een vir die organisasie van 'n baie puik byeenkoms, kom mnr. G. J. L. Scholtz toe.

Die ander uitslae is; Gewigstoot (vroue bo 19); C. Botha, P.O.K. — 33vt. 31/2dm.; 120 treë hekkies (mans bo 19); H. Cooke (W) 15.3 100treë (vroue onder 19): M. van Aswegen, P.O.K.—12 sek.; 100treë (vroue bo 19): G. Frederickson, Carletonville—11.3 sek.: 100treë (mans onder 19): S. Rawlins (P.U.) 10.5 sek.; 80 meter hekkies (vroue 80 meter hekkies (vroue onder 19) E. Bos (P.U.)—13.7 sek.; 80 meter hekkies (vroue bo 19): J. Swemmer (P.O.K.)—12.3 sek.

Spiesgooi vir vroue: R. Roux (P.O.K.)-102vt. 9dm.; verspring (vroue): J. Swemmer 17vt. 10 dm.; Hoogspring (mans): B. Malherbe, (Proefplaas)- 6vt.; Diskus (mans onder 19): J. Spannenberg (P.O.K.) -125 vt. 5 dm.; Diskus (mans bo 19): J. de Wet, Carletonville-124vt. 101/2dm.; Halfmyl (mans onder 19): P. de Villiers (Garnisoen)- 2min. 8sek.

Halfmyl (mans bo 19): L. Viljoen (P.O.K.)- 2min. 1.5sek.; 220 treë (vroue onder 19): M. van Aswegen (P.OK)- 27.8 sek.; 220 treë (vroue bo 19): G. Fredrickson, Carletonville 26.1 sek.; 220 treë (mans bo 19) H. Joubert (P.U.) - 22.9 sek.; 200 treë hekkies (mans onder 19): W. Coetzee (P.U.) - 26.2; gewigstoot (mans onder 19): J. van Heerden (Garnisoen) - 45vt. 2dm.

Gewigstoot (mans bo 19): D. Wissing (P.O.K.) - 43vt. 1 dm.; Spiesgooi (mans onder 19): B. Spannenberg (P.O.K.) - 160vt. 1dm.; Spiesgooi (mans bo 19): P. Scholtz (P.U.) - 146vt. 6dm.;



ALTA DE KOCK

Verspring (mans onder 19): G. Swarts (P.O.K.; 21 vt. 1 dm. verspring (mans bo 19): N. Hansen (Garnisoen); 23vt 8dm. en J. van der Schyff (P.U.) 22vt. 1dm.; Hoogspring (vroue onder 19): S. Groenewald, 4vt. 101,2dm.

Hoogspring (vroue bo 19): M. de Klerk, 4vt. 101/2dm.; driemyl: T. Donald (P.O.K.) 16min 58.2sek.; 440 treë (mans nder 19): V. Borkenmeyer (Garnisoen), 53.1sek.; 440 treë (mans bo 19): H. Joubert (P.U.) g0sek.; 1 myl (mans onder 19): J. Malan (P.O.K.) 5 min. 8.4 sek.; 1 myl (mans bo 19) J. Putter (Garnisoen), 4min. 48sek.

# GAAN HOKKIE SPEEL SOOS DIT MOET

ONDER DIE SPELERS van die P.U. Manshokkieklub heers daar groot geesdrif vir die komende seisoen. Spanoefeninge het reeds begin en is gekenmerk deur goeie bywoning en belangstelling.

Die manne se ywer is dan ook nie ongegrond nie, want die eerstespan het slegs twee van sy ou spelers verloor in die persone van Hessel Dykstra en Herman Louw. Die klub het egter twee baie belowende spelers bygekry, nl. L. Bosman en C. Toube.

'n Ander rede waarom die klub die seisoen met meer as die gewone „voor-seisoense" moed begin is dat daar vir die eerste keer in ses jaar weer 'n afrigter is. Hy is mnr. W. J. Voordewind, 'n lektor in Aardykskunde aan die P.U. en 'n man wat al self voorheen vir die Puk en ook Wes-Transvaal hokkie gespeel het.

Die eerste wedstryde vind plaas op Woensdag, 14 Maart, wanneer die eerstespan met die Proefplaas en die tweedespan met P.O.K. kragte meet. Op Saterdag 17 Maart speel die eerstespan teen P.O.K. en die tweedespan teen Proefplaas. Hierdie eerste vier wedstryde is vriendskaplik aangesien die ligawedstryde eers op Saterdag 24 Maart begin.

● Die spelers het hulle ten doel gestel om hierdie jaar hokkie te speel soos dit gespeel behoort te word. Met bekwame afrigting, die leiding van hulle ervare kaptein Jan Ras en met fikse spelers is daar dan ook geen rede waarom hulle nie hul doel sal bereik nie. Die P.U.-Manshokkieklub behoort hierdie jaar met belangstelling dopgehou te word.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A

# Tafeltennisklub Baie Bedrywig

MET 'N SOSIALE tafeltennisaand in die Studentesaal op Woensdagaand, 28 Februarie, is die P.U.-Tafeltennisklub se seisoen amptelik van stapel gestuur.

Daar lê vir die spelers 'n baie bedrywige tydjie voor wat onder andere insluit: sirkelproewe op 24 Maart, 'n inter-universitêre toernooi in Julie en dan gemiddeld een wedstryd per week. Dit wil voorkom asof hulle naas die rugbyklub die besigste mense op die Puk gaan wees.

### OPNAME

Soos alle klubs maar maak, het die Tafeltennisklub ook aan die begin van die seisoen „voorraadopname gemaak" en gevind dat hulle baie van hulle ou spelers verloor het. In die A-span (mans) is Tollie du Plooy en Willie Potgieter weg sodat daar net die ou veteraan en ook klubkaptein, Faan Oosthuizen oorbly.

Die B-span moes 'n ewige gevoelige verlies ly met die weggaan van Sakkie Venter, Herman Steyn en William Baxter.

Daar is egter 'n aantal belowende spelers wat hierdie jaar by die klub aangesluit het. Onder hulle is Petrus Simpson, S. Erasmus, Corla Joubert en Elna Drent. Die ledetal het dan ook aansienlik gestyg veral wat die dames betref. Die totaal is nou 24 dames en 29 mans.

'n Ander verblydende faktor is dat die toeskouers by die wedstryde ook toegeneem het.

'n Wedstryd wat egter deur niemand misgeloop behoor te word nie, is die sirkelproewe op 24 en 31 Maart. By daardie geleentheid sal die Wes-Transvaalse span in aksie gesien word.

# EERSTEJAARS OPGEKEIL

OP SATERDAG, 3 Maart, het die oudames en ouhere op die atletiekbaan teen die eerstejaars kragte gemeet. 'n Geslaagde byeenkoms onder gunstige weerstoestande is in die guns van die ouer garde beslis.

Oor die algemeen was die prestasies nie van 'n baie hoë gehalte nie, maar dit kan met harde oefening reggeruk word.

Die beste vertonings van die byeenkoms is gelewer deur Pietman Botha. Hy het daarin geslaag om onder sy teenstanders uit te loop om die 100 tree vir senior mans in 10.2 sek en die 220 treë hekkies in 25.6 sek. te buit. In die tweede nommer het Johan van der Schyff ook goed vertoon, maar dit was veral eerstejaar Willie Coetzee wat die oog gevang het. Hierdie jong atleet hou groot belofte in en verdien besondere aandag van die afrigters.



KOOS HATTINGH

Koos Hattingh het goed vertoon in die veldnommers met 'n afstand van 43 voet 9 duim in die gewigstoot en 127 voet 7½ duim in die skyfwerp.

# Rugbymanne raak reeds fiks

Op 5 Maart het die eerste rugbyoefening van die 1962-seisoen plaasgevind. Vier seniorspanne en twee onder negentienspanne is tans aan die gang, en daar word uitgesien na 'n aangename maar harde voetbalseisoen.

Dit wil voorkom asof die spelers die oproep van die breier, Prof. W. N. Coetzee, om gou fiks te raak, ter harte geneem het, aangesien daar elke middag 'n aantal spelers op die verskillende velde doenig is. Kwaai mededinging, veral onder die voorspelers, noodsaak spelers met hoë aspirasies om vroegtydig fiks te raak.

Die Puk behoort vanjaar 'n goedgebalanseerde span in die veld te stoot, en met kaptein Piet Steinberg op die voorpunt, en Porf. Coetzee wat vir die nodige afronding sal sorg, sal ander spanne lig moet loop.

Namens die Redaksie wens ons alle spelers, van die Eerstespan tot by „Slippers" en alle ondernegentiens, 'n aangename en suksesvolle seisoen toe.

# Eerste Rugby van die Seisoen

Die rugbywedstryde van hierdie seisoen neem op 24 Maart 'n aanvang wanneer die Puk met sewe spanne opdraf teen Vanderbijlpark-Yskor. Die wedstryde vind op die P.U.-velde plaas.

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom, en uitgegee deur die P. U. vir C.H.O. Studenteraad.